

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. R. 1598

23 DESEMBER 2016

REGULASIES VIR DOELEINDES VAN PARAGRAAF (b) VAN DIE OMSKRYWING VAN “INTERNASIONALE BELASTINGSTANDAARD” IN ARTIKEL 1 VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011), GEPROMULGEER KRAGTENS ARTIKEL 257 VAN DIE WET, WAT DIE VERANDERINGS AAN DIE “COUNTRY-BY-COUNTRY REPORTING STANDARD FOR MULTINATIONAL ENTERPRISES” AANDUI

Vir doeleindes van paragraaf (b) van die omskrywing van “**internasionale belastingstandaard**” in artikel 1 en kragtens artikel 257 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, dui ek, Pravin Jamnadas Gordhan, die Minister van Finansies, hierby in die Bylae hierby, die veranderings aan die “Country-by-Country Reporting Standard for Multinational Enterprises” aan.

P J GORDHAN

MINISTER VAN FINANSIES

BYLAE**REGULASIES WAT DIE “COUNTRY-BY-COUNTRY REPORTING STANDARD
FOR MULTINATIONAL ENTERPRISES” AANDUI****AANHEF**

- A. Die Republiek van Suid-Afrika (“Suid-Afrika”) het ingestem om deel te neem aan die gesamentlike “Base Erosion and Profit Shifting Action Project” van die Groep van 20 (“G20”) en Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (“OESO”);
- B. Die “*OECD/G20 Base Erosion and Profit Shifting Project Transfer Pricing Documentation and Country-by-Country Reporting, Action 13 — 2015 Final Report*”, wat die “Country-by-Country Reporting Standard” insluit, is op 5 Oktober 2015 gepubliseer; en
- C. Die Bevoegde Gesag van Suid-Afrika het die “Multilateral Competent Authority Agreement on the Exchange of Country-by-Country Reports” op 27 Januarie 2016 onderteken;

Hierdie regulasies dui aan die veranderings aan die “Country-by-Country Reporting Standard for Multinational Enterprises” wat vir Suid-Afrika se omstandighede vereis word.

Artikel 1**Woordskrywing**

Vir doeleindes van hierdie Regulasies dra die volgende terme die volgende betekenis:

- 1. Die term “**Groep**” beteken ’n versameling ondernemings sodanig verwant deur eienaarskap of beheer dat dit ofwel verplig is om Gekonsolideerde Finansiële State vir doeleindes van finansiële verslaggewing volgens toepaslike rekeningkundige beginsels op te stel of aldus verplig sou wees indien ekwiteitsbelange in enige van die ondernemings op ’n openbare sekuriteitebeurs verhandel sou word.
- 2. Die term “**MNO-groep**” beteken enige Groep wat:

(i) twee of meer ondernemings insluit waarvan die belastinginwoning in verskillende jurisdiksies is, of 'n onderneming insluit wat vir belastingdoeleindes in een jurisdiksie 'n inwoner is en in 'n ander jurisdiksie aan belasting onderhewig is ten opsigte van die besigheid wat deur 'n permanente saak in 'n ander jurisdiksie onderneem word; en

(ii) nie 'n Uitgeslote MNO-groep is nie.

3. Die term “**Uitgeslote MNO-groep**” beteken, ten opsigte van enige Fiskale Jaar van die Groep, 'n Groep wat totale gekonsolideerde groepinkomste van minder as R10 biljoen (of indien paragraaf 2 van Artikel 2 van toepassing is, 750 miljoen Euro) het gedurende die Fiskale Jaar wat die Verslagdoenings- Fiskale Jaar onmiddellik voorafgaan, soos weerspieël in sy Gekonsolideerde Finansiële State vir sodanige voorafgaande Fiskale Jaar.

4. Die term “**Samestellende Entiteit**” beteken:

(i) enige aparte sake-eenheid van 'n MNO-groep wat by die Gekonsolideerde Finansiële State van die MNO-groep vir doeleindes van finansiële verslagdoening ingesluit is, of aldus ingesluit sou wees indien ekwiteitsbelange in sodanige sake-eenheid van 'n MNO-groep op 'n openbare sekuriteitebeurs verhandel sou word;

(ii) enige sodanige sake-eenheid wat bloot op grond van grootte of materialiteit van die MNO-groep se Gekonsolideerde Finansiële State uitgesluit word; en

(iii) enige permanente saak van enige aparte sake-eenheid van die MNO-groep by (i) of (ii) hierbo ingesluit op voorwaarde dat die sake-eenheid 'n aparte finansiële staat vir sodanige permanente saak vir finansiële verslagdoening-, regulatoriese, belastingverslagdoening-, of interne bestuursbeheerdoeleindes opstel.

5. Die term “**Verslagdoeningsentiteit**” beteken die Samestellende Entiteit wat verplig is om 'n land-vir-land verslag wat voldoen aan die vereistes in Artikel 4 in sy jurisdiksie van belastinginwoning ten behoeve van die MNO-groep in te dien. Die

Verslagdoeningsentiteit kan die Uiteindelijke Moederentiteit, die Surrogaat Moederentiteit, of enige entiteit beskryf in paragraaf 2 van Artikel 2 wees.

6. Die term “**Uiteindelijke Moederentiteit**” beteken ’n Samestellende Entiteit van ’n MNO-groep wat aan die volgende maatstawwe voldoen:

- (i) dit besit regstreeks of onregstreeks ’n voldoende belang in een of meer ander Samestellende Entiteite van sodanige MNO-groep sodanig dat dit verplig word om Gekonsolideerde Finansiële State volgens rekeningkundige beginsels algemeen toegepas in sy jurisdiksie van belastinginwoning op te stel, of aldus verplig sou wees indien sy ekwiteitsbelange op ’n openbare sekuriteitebeurs in sy jurisdiksie van belastinginwoning verhandel sou word; en
- (ii) daar is geen ander Samestellende Entiteit van sodanige MNO-groep wat regstreeks of onregstreeks ’n belang beskryf in subartikel (i) hierbo in die eersgenoemde Samestellende Entiteit besit nie.

7. Die term “**Surrogaat Moederentiteit**” beteken een Samestellende Entiteit van die MNO-groep wat deur sodanige MNO-groep aangestel is, as ’n enige plaasvervanger vir die Uiteindelijke Moederentiteit, om die Land-vir-Land Verslag in daardie Samestellende Entiteit se jurisdiksie van belastinginwoning ten behoeve van sodanige MNO-groep in te dien, wanneer een of meer van die voorwaardes uiteengesit in subartikel (ii) van paragraaf 2 van Artikel 2 van toepassing is.

8. Die term “**Fiskale Jaar**” beteken ’n jaarlikse rekenpligtige tydperk ten opsigte waarvan die Uiteindelijke Moederentiteit van die MNO-groep sy finansiële state opstel.

9. Die term “**Verslagdoenings- Fiskale Jaar**” beteken daardie Fiskale Jaar waarvan die finansiële en operasionele uitslae in die Land-vir-Land Verslag omskryf in Artikel 4 weerspieël word.

10. Die term “**Kwalifiserende Bevoegde Gesag Ooreenkoms**” beteken ’n ooreenkoms wat:

- (i) tussen gemagtigde verteenwoordigers is van daardie jurisdiksies wat partye by ’n Internasionale Ooreenkoms is; en

- (ii) die outomatiese uitruil van Land-vir-Land Verslae tussen die partyjurisdiksies vereis.

11. Die term “**Internasionale Ooreenkoms**” beteken die “Multilateral Convention for Mutual Administrative Assistance in Tax Matters”, enige bilaterale of multilaterale Belastingkonvensie, of enige Ooreenkoms vir die Uitruil van Belastinginligting waarby Suid-Afrika ’n party is, en wat deur sy bedinge regsgesag vir die uitruil van belastinginligting tussen jurisdiksies, insluitend outomatiese uitruil van sodanige inligting, verleen.

12. Die term “**Gekonsolideerde Finansiële State**” beteken die finansiële state van ’n MNO-groep waarin die bates, laste, inkomste, uitgawes en kontantvloei van die Uiteindelike Moederentiteit en die Samestellende Entiteite soos dié van ’n enkele ekonomiese entiteit voorgestel word.

13. Die term “**Sistemiese Versuim**” ten opsigte van ’n jurisdiksie beteken dat ’n jurisdiksie ’n Kwalifiserende Bevoegde Gesag Ooreenkoms met Suid-Afrika in plek het, maar outomatiese uitruiling opgeskort het (vir redes anders as dié wat ooreenkomstig die bedinge van daardie Ooreenkoms is) of andersins aanhoudend versuim het om outomaties aan Suid-Afrika Land-vir-Land Verslae in sy besit van MNO-groepe wat Samestellende Entiteite in Suid-Afrika het, te voorsien.

Artikel 2

Indieningsverpligting

1. Elke Uiteindelike Moederentiteit van ’n MNO-groep wat vir belastingdoeleindes in Suid-Afrika ’n inwoner is, moet ’n Land-vir-Land Verslag wat voldoen aan die vereistes van Artikel 4 by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (“SAID”) indien ten opsigte van sy Verslagdoenings- Fiskale Jaar op of voor die datum in artikel 5 aangedui.

2. ’n Samestellende Entiteit wat nie die Uiteindelike Moederentiteit van ’n MNO-groep is nie moet ’n Land-vir-Land Verslag wat voldoen aan die vereistes van Artikel 4 by SAID indien ten opsigte van die Verslagdoenings- Fiskale Jaar van ’n MNO-groep waarvan dit ’n Samestellende Entiteit is, op of voor die datum in Artikel 5 aangedui, indien aan die volgende maatstawwe voldoen word:

- (i) die entiteit is vir belastingdoeleindes in Suid-Afrika 'n inwoner; en
- (ii) een van die volgende voorwaardes is van toepassing:
 - (a) die Uiteindelike Moederentiteit van die MNO-groep is nie verplig om 'n Land-vir-Land Verslag in sy jurisdiksie van belastinginwoning in te dien nie; of
 - (b) die jurisdiksie waarin die Uiteindelike Moederentiteit vir belastingdoeleindes 'n inwoner is, het 'n geldende Internasionale Ooreenkoms waarby Suid-Afrika 'n party is, maar het nie 'n Kwalifiserende Bevoegde Gesag Ooreenkoms in plek waarby Suid-Afrika 'n party is teen die tyd in Artikel 5 vir die indiening van die Land-vir-Land Verslag vir die Verslagdoenings- Fiskale Jaar aangedui nie; of
 - (c) daar was 'n Sistemiese Versuim van die jurisdiksie van belastinginwoning van die Uiteindelike Moederentiteit waarvan die Samestellende Entiteit wat vir belastingdoeleindes in Suid-Afrika 'n inwoner is deur SAID in kennis gestel is.

Waar daar meer as een Samestellende Entiteite van dieselfde MNO-groep is wat vir belastingdoeleindes in Suid-Afrika inwoners is en een of meer van die voorwaardes uiteengesit in subartikel (ii) hierbo van toepassing is, mag die MNO-groep een van sodanige Samestellende Entiteite aanwys om die Land-vir-Land Verslag wat voldoen aan die vereistes van Artikel 4 by SAID in te dien ten opsigte van enige Verslagdoenings- Fiskale Jaar op of voor die datum in artikel 5 aangedui en om SAID in kennis te stel dat die indiening bedoel is om die indieningsvereistes van al die Samestellende Entiteite van sodanige MNO-groep wat vir belastingdoeleindes in Suid-Afrika inwoners is, te bevredig.

3. Ondanks die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 2, wanneer een of meer van die voorwaardes uiteengesit in subartikel (ii) van paragraaf 2 van Artikel 2 van toepassing is, word nie van 'n entiteit beskryf in paragraaf 2 van Artikel 2 vereis om 'n Land-vir-Land Verslag by SAID ten opsigte van enige Verslagdoenings- Fiskale Jaar in te dien nie indien:

- (i) die MNO-groep waarvan dit 'n Samestellende Entiteit is, 'n Land-vir-Land Verslag beskikbaar gestel het wat voldoen aan die vereistes van Artikel 4 ten

opsigte van sodanige Fiskale Jaar deur 'n Surrogaat Moederentiteit wat daardie Land-vir-Land Verslag indien by die belastingowerheid van sy jurisdiksie van belastinginwoning op of voor die datum in artikel 5 aangedui; en

(ii) aan die volgende voorwaardes voldoen word:

- (a) die jurisdiksie van belastinginwoning van die Surrogaat Moederentiteit vereis indiening van Land-vir-Land Verslae wat aan die vereistes van Artikel 4 voldoen;
- (b) die jurisdiksie van belastinginwoning van die Surrogaat Moederentiteit het 'n Kwalifiserende Bevoegde Gesag Ooreenkoms in plek waarby Suid-Afrika 'n party is teen die tyd in Artikel 5 vir indiening van die Land-vir-Land Verslag vir die Verslagdoenings- Fiskale Jaar aangedui;
- (c) die jurisdiksie van belastinginwoning van die Surrogaat Moederentiteit het SAID nie van 'n Sistemiese Versuim in kennis gestel nie;
- (d) die jurisdiksie van belastinginwoning van die Surrogaat Moederentiteit is ooreenkomstig paragraaf 1 van Artikel 3 deur die Samestellende Entiteit wat vir belastingdoeleindes in sy jurisdiksie 'n inwoner is in kennis gestel dat dit die Surrogaat Moederentiteit is; en
- (e) 'n kennisgewing is ooreenkomstig paragraaf 2 van Artikel 3 aan SAID voorsien.

4. SAID moet 'n lys publiseer van jurisdiksies beoog in item (b) van subartikel (ii) van paragraaf 2 van Artikel 2 en mag sy verpligting kragtens item (c) van daardie subartikel nakom deur 'n lys van jurisdiksies wat in daardie item beoog word, te publiseer.

Artikel 3

Kennisgewing

1. Enige Samestellende Entiteit van 'n MNO-groep wat vir belastingdoeleindes in Suid-Afrika 'n inwoner is, moet SAID in kennis stel indien dit die Uiteindelike

Moederentiteit of die Surrogaat Moederentiteit is, nie later nie as 12 maande na die laaste dag van die Verslagdoenings- Fiskale Jaar van sodanige MNO-groep.

2. Waar 'n Samestellende Entiteit van 'n MNO-groep wat vir belastingdoeleindes in Suid-Afrika 'n inwoner is nie die Uiteindelike Moederentiteit of die Surrogaat Moederentiteit is nie, moet dit SAID in kennis stel van die identiteit en belastinginwoning van die Verslagdoeningsentiteit, nie later nie as 12 maande na die laaste dag van die Verslagdoenings- Fiskale Jaar van sodanige MNO-groep.

Artikel 4

Land-vir-Land Verslag

1. Vir doeleindes van hierdie regulasies, is 'n Land-vir-Land Verslag ten opsigte van 'n MNO-groep 'n verslag wat die volgende bevat:

- (i) Saamgestelde inligting met betrekking tot die bedrag van ontvangste, wins (verlies) voor inkomstebelasting, inkomstebelasting betaal, inkomstebelasting toegeval, gestelde kapitaal, opgelope verdienste, aantal werknemers, en tasbare bates anders as kontant of kontantekwivalente met betrekking tot elke jurisdiksie waarin die MNO-groep in bedryf is;
- (ii) 'n Identifisering van elke Samestellende Entiteit van die MNO-groep wat uiteensit die jurisdiksie van belastinginwoning van sodanige Samestellende Entiteit, en waar dit verskil van sodanige jurisdiksie van belastinginwoning, die jurisdiksie kragtens wie se wette sodanige Samestellende Entiteit georganiseer word, en die aard van die hoofbesigheidsbedrywigheid of -bedrywighede van sodanige Samestellende Entiteit.

2. Die Land-vir-Land Verslag moet die inligting bevat wat uiteengesit is in, en die woordskrywing en instruksies toepas wat vervat is in, die standaard sjabloon uiteengesit in "Annex III to Chapter V" uiteengesit in die "*OECD/G20 Base Erosion and Profit Shifting Project Transfer Pricing Documentation and Country-by-Country Reporting, Action 13 – 2015 Final Report*".

Artikel 5***Tyd van indiening***

Die Land-vir-Land Verslag vereis deur hierdie Regulasies moet ingedien word nie later nie as 12 maande na die laaste dag van die Verslagdoenings- Fiskale Jaar van die MNO-groep.

Artikel 6***Gebruik en Vertroulikheid van Inligting in Land-vir-Land Verslag***

1. SAID moet die Land-vir-Land Verslag gebruik slegs vir doeleindes van die beoordeling van hoë vlak oordragprysbepalingsrisikos en ander risikos verbonde aan basiserodering en winsverskuiwing in Suid-Afrika, insluitend die beoordeling van die nienakomingsrisiko van toepaslike reëls vir oordragprysbepaling deur lede van die MNO-groep, en waar geskik vir ekonomiese en statistiese ontleding. Oordragprysbepalingsaanpassings deur SAID mag nie op die Land-vir-Land Verslag gebaseer word nie.

2. SAID moet die vertroulikheid van die inligting vervat in die Land-vir-Land Verslag bewaar minstens in dieselfde mate as wat van toepassing sou wees indien sodanige inligting kragtens die bepaling van die Multilaterale Konvensie oor Wedersydse Administratiewe Bystand in Belasting sake aan hom voorsien sou word.

Artikel 7***Inwerkingtredingsdatum***

Hierdie Regulasies is van toepassing op Verslagdoenings- Fiskale Jare van MNO-groepe wat op of na 1 Januarie 2016 begin.